Bybel vir Kinders

bied aan

God eer Josef die slaaf

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Josef was verkeerdelik in die tronk gesit deur sy vorige eienaar, Potifar. Josef was baie gehoorsaam en behulpsaam in die tronk. Die bewaarder het Josef vertrou om die tronk te organiseer. Omdat God met Josef was het die tronk 'n beter plek geword vir almal.

Die skinker en bakker
van die koning was
ook in die tronk.

“Hoekom is julle so hartseer?” het Josef hulle gevra. “Niemand kan ons drome uitlê nie,” het die mans gesê.

“God kan!” het Josef gesê.
“Vertel my jul drome.”

"Jou droom beteken in drie dae sal jy terug wees in Koning Farao se guns," het Josef aan die skinker gesê. "Onthou my en vra Farao om my vry te laat."

Die bakker se droom was slegte nuus. "Jy gaan gedood word binne drie dae," het Josef gesê. Altwee drome het waar geword.

Die skinker het vergeet van Josef tot Farao ontsteld wakker geword het eendag. "Ek het 'n droom gehad," sê Farao.



Nie een van sy wyse manne kon sy droom uitlê nie. Die bakker het onthou van Josef in die gevangenis en Farao van hom vertel.

Farao het dadelik vir Josef laat haal. "U droom is 'n boodskap van God," het Josef aan die koning gesê. "Egipte gaan sewe vrugbare jare hê en sewe jare van verskriklike droogte."

“Beplan nou om voedsel te stoor gedurende die goeie jare,” het Josef aan Farao gesê, “anders gaan jou mense sterf van die honger in die maer jare.”
“God is met jou,” het Farao verklaar. “Jy word aangestel oor Egipte, net onderdanig aan my.”

Sewe jare van oorvloed het gekom, daarna het die sewe maer jare gekom. Voedsel was skaars oral behalwe in Egipte waar hulle wyslik groot voorrade gestoor het. In Josef se veraf tuisland het sy familie honger gely.

Mense van alle lande het na Egipte gegaan om graan te koop. "Julle moet ook gaan," sê Jakob aan sy seuns, "anders gaan ons van die honger omkom."

Met hul aankoms in Egipte het hul reggemaak om voedsel te gaan koop.

Die seuns van Jakob het laag gebuig voor die heer in beheer van Egipte. Hulle het Josef, hul broer nie herken nie, maar Josef het geweet wie hulle is. Josef het sy drome as kind onthou. God het hom verhef bo sy broers.




Josef was baie wys. Hy het hard met hulle gepraat en hul broer Simeon gevangene gehou.

"Neem voedsel en gaan huis toe. Wanneer julle terug kom bring jul jongste broer saam," het hy beveel. "Dan sal ek weet jul is nie spioene nie."

Die broers het gedink dat God hulle nou straf omdat hulle Josef verkoop het as slaaf jare gelede.

Jakob en sy seuns was deurmekaar. "Ons geld is terug gesit in ons graan sake. Die heerser het gesê ons moet Benjamin saam neem."

Jakob wou nie dat Benjamin saam gaan nie, maar gou was die kos weer klaar. Die broers moes terug gaan Egipte toe en Benjamin saam met hulle.

Sodra Josef Benjamin sien het hy die bediendes opdrag gegee om 'n groot fees voor te berei. Die broers is genooi na die fees. "Is julle vader wel?" het Josef gevra. Miskien het hy gedink daaraan om die hele familie bymekaar te bring.

Josef wou ook uitvind of sy broers jammer is oor hulle sonde van jare gelede. Na die ete het hy hul beskuldig van diefstal. "Vir jul straf gaan ek Benjamin hou as my slaaf," sê Josef. "My heer neem eerder my lewe," het Juda gesmeek. Josef het geweet dit was Juda wat voorgestel het dat hy verkoop moet word, duidelik het hy verander.

Hy kon sy liefde vir sy familie nie langer wegsteek. Josef het al die Egiptenare uit gestuur. Hy het begin ween, "Ek is Josef jul broer wat jul aan die Egiptenaars verkoop het."
Verbaas en bang het die broers niks gesê nie.

Josef het sy broers bemoedig.
"God het my 'n heer
gemaak in Egipte
sodat ek jul lewens
kon red in die droogte.
Gaan haal my vader en
ek sal na julle ook kyk."

Jakob en Josef
is herenig in Egipte
en die hele familie
het in oorvloed
geleef.

God eer Josef die slaaf

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 39 - 45

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16